BEELDENDE KUNSTE (C)

Graad 6

A DOEL

Om aan die Penkop en Drawwertjie:

1. Die geleentheid te gee om uiting te gee aan sy skeppingsdrang.
2. Bewus te maak van sy talente en hom help om dit te gebruik.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet **vyf** van die volgende **nege** tegnieke aanleer en gebruik:

1. Tekentegniek: Maak gebruik van een van die volgende mediums (potlood, houtskool, kleurpotlode of pastelle) en gee aandag aan skaduwees en kleurskakerings om 'n twee dimensionele skets te maak.
2. Verftegniek: Maak gebruik van een van die volgende mediums (waterverf, olieverf, glasverf of lapverf) om 'n twee dimensionele kunswerk te verf.
3. Modelleertegniek: Maak gebruik van een van die volgende mediums (klei, gips, papierpap of draad) om ŉ drie dimensionele kunswerk te maak.
4. Hout: Gebruik verkieslik jou eie ontwerp en kerf of brand 'n motief op hout.
5. Mosaïk: Gebruik verkieslik jou eie ontwerp. Gebruik teëls, klip, glas, krale of sade om die ontwerp mee uit te bou.
6. Pewter. Gebruik verkieslik jou eie ontwerp. Maak artikel volgens die ontwerp.
7. Kalligrafie (sierskrif) maak byvoorbeeld 'n kaartjie, gedig, gesegde of boodskap met sierskrif.
8. Collage: Maak ŉ muurbehangsel deur gebruik te maak van stukkies vilt, leer, skulpe, teëls, glasstukkies, sade, sand, wol, krale of tou. Gebruik verskillende tegnieke en eie ontwerp.
9. Drukwerk: Versier ŉ artikel met selfgemaakte drukkers/stempels. Aartappels, karton, linosnee, spons, tou of tinfoelie kan as medium gebruik word.
10. Hierdie punt is verpligtend: As groep/individu ŉ uitstalling hou van al die artikels. Die naam van die kunswerk en die kunstenaar moet netjies op elke stuk aangebring word. Die uitstalling moet behoorlik gereël word met genooide gaste en ŉ spreker (indien moontlik).

C AANBIEDING

1. Beplan hierdie aksie saam met u jaarprogram.
2. Deeglike vooraf beplanning deur die aanbieder is nodig.
3. Elke kind moet besluit watter artikels hy wil maak.
4. Kostes moet in ag geneem word en met die ouers bespreek word.
5. In sommige gevalle sal dit beter wees indien u die voltooide artikels self bewaar tot en met die uitstalling.
6. Maak ŉ besondere geleentheid van die uitstalling.
   - Nooi besonderse gaste soos die ouers, ander Voortrekkers of aanbieders.
   - Doen die bedankings tydens die opening van die uitstalling.
   - Dit is ŉ goeie tyd om ook die evaluering te doen.